- (41) 'n valse verklaring aflê by of in verband met enige ondersoek, verhoor of navorsing;
- (42) direk of indirek enige geld van of deur enige polisieman van laer rang leen of 'n geldelike verpligting teenoor 'n mindere in rang op hom neem;
- (43) deelgenoot word van 'n akkomodasiewissel, of van 'n tjeek of van 'n promesse vir akkomodasiedoeleindes sonder die skriftelike toestemming van die Kommissaris;
- (44) trou sonder die skriftelike toestemming van die Kommissaris;
- (45) sonder die skriftelike toestemming van die Administrateur met grond spekuleer of enige ambags-, besigheids- of handels- of landbouonderneming aangaan, hetsy direk of indirek, of enige winsgewende werk buite sy administratiewe diens verrig of sy vrou toestaan om dit te doen;
- (46) veroorsaak of poog om te veroorsaak dat enige persoon deur sollicitasie of andersins hom met sy eie belange of met die belang van enige applikant vir promosie, oorplasing, of bevordering van enige aard bemoei;
- (47) gebruik maak van die dienste van enige ander polisieman of van enige segsman, spesiale speurder of ander persoon in die diens van die polisie, behalwe in besigheid van die Administrasie;
- (48) hom op 'n manier gedra wat 'n polisieman van sy rang nie betaam nie;
- (49) hom skuldig maak aan enige daad, gedrag of versuim tot nadeel van goeie orde of disipline van die Mag, onverskillig of dit in enige ander gedeelte van hierdie regulasies bepaal is al dan nie.
- (32) taking any discount, commission, fee, consideration or advantage in respect of, or being in any way pecuniarily interested in, the purchase or sale of any provisions, stores, equipment, clothing, necessaries or supplies of any kind, or animals for the use of the Force, or for any police mess, canteen, library, band, club or other police institute;
- (33) stealing, withholding, misapplying, making unauthorised use of, losing by neglect or wilfully injuring any public property or any property belonging to any other policeman, or police band, mess, canteen, library, fund, club or other police institute, or any property belonging to a prisoner or other person in custody, or any found or unclaimed property or any exhibits in a criminal case;
- (34) placing himself under an obligation to a licensed dealer in intoxicating liquor or to any barman or other person in the employ of any such licensed dealer;
- (35) over-riding, illtreating or neglecting to take proper care of any horse or other animal used in the public service, or stealing, making unauthorised use of, disposing of without authority or losing by neglect any such animal;
- (36) using any unnecessary violence to any prisoner or other person in custody;
- (37) being uncivil or discourteous to any member of the public;
- (38) when in or out of uniform knowingly wearing the badge, emblem, party colours or device of any kind of any political organisation;
- (39) becoming or being a member of any society having political objects or acting as canvasser on behalf of any candidate in any parliamentary, provincial divisional council, municipal, school board or other similar election, or speaking at meetings held in connection with any such election or taking any part whatever in furthering the interests of any candidate at any such elections beyond recording his vote, or carrying out lawful orders in connection with the conduct of the election;
- (40) in any report, return, claim, record, book or other document making, or being privy to the making of any false, misleading or inaccurate statement, or any omission, with intent to deceive, or with intent to injure any person or, with intent to deceive, suppressing, defacing, altering or making away with any book or document;
- (41) making a false statement at or in connection with any investigation, trial or inquiry;
- (42) directly or indirectly borrowing any money from or through any policeman of inferior rank, or placing himself under a pecuniary obligation to an inferior in rank;
- (43) becoming party to an accommodation bill, or to a cheque or to a promissory note for accommodation purposes, without the permission in writing of the Commissioner;
- (44) marrying without the permission in writing of the Commissioner;
- (45) without the permission in writing of the Administrator speculating in land or engaging in any trade, business, or commercial or agricultural undertaking, either directly or indirectly, or performing any remunerative work outside his administrative duties, or allowing his wife to do so;
- (46) causing or attempting to cause any person to interfere by solicitation or otherwise in his own interests, or in the interest of any applicant for promotion, transfer, or preferment of any kind;
- (47) making use of, except in strictly Administration business, the services of any other policeman or of any informant, special detective or other person in police employ;
- (48) conducting himself in a manner unbecoming a policeman of his rank;
- (49) any act, conduct or neglect to the prejudice of good order or discipline of the Force, whether or not defined in any other part of these regulations.

Enige skriftelike permissie deur die Kommissaris gegee om enigiets te doen wat, indien sonder permissie gedoen, 'n oortreding van sub-artikel (31), (43), (44) of (45) hiervan sou uitmaak, moet aan die betrokke polisieman deur sy bevelvoerende offisier meegedeel word.

Any permission in writing granted by the Commissioner to do anything which, without such permission, would be a contravention of sub-section (31), (43), (44), or (45) hereof, shall be conveyed to the policeman concerned by his commanding officer.

VERHOOR DEUR 'N OFFISIER KRAGTENS ARTIKEL TIEN VAN DIE PROKLAMASIE.

39. (1) 'n Verhoor kragtens artikel 10 van die Proklamasie moet, so naby moontlik, maar onderhewig aan die voorsiening van hierdie regulasies, gevoer word op die wyse en in die vorm, asof die verhoor in 'n magistratshof gehou was, en, met die uitsondering van die tweede voorbehoudsbepaling tot subartikel (1) van artikel tweehonderdeen-dertig van Proklamasie No. 30 van 1935, soos gewysig, moet die wet wat betrekking het op getuienis en getuies, soos toepaslik in verband met kriminele prosedure in 'n magistratshof, in verband met sodanige verhoor inaggeneem word.

(2) Die verhoor word in enige polisie-stasie of polisie-kantoor of op sodanige ander plek as die offisier wat die verhoor lei, mees gerieflik mag ag ten opsigte van die woonplek van die getuies of engeen van hulle.

(3) Behalwe met die toestemming van die Kommissaris mag niemand anders as die offisier wat die verhoor lei, die vervolger, die beskuldigde en sy eskort, indien enige, sy regsadviseur en 'n getuie terwyl onder verhoor, en 'n tolk, as daar een nodig is, gedurende die verhoor aanwesig wees nie.

(4) 'n Polisieman van gelyke of hoër rang as die beskuldigde moet deur die offisier wat die verhoor lei, gelas word om as vervolger te ageer, en as dit vir hom nodig is om ander getuienis vir die vervolging as dié van 'n bloot formele aard te gee, moet hy dit, so ver doenlik gee, voordat hy enige ander getuies oproep.

(5) (a) Die vervolger moet sorg vir die bywoning van die beskuldigde en dat hy 'n redelike tyd voor die uur wat vir die verhoor bepaal is, voorsien word van besonderhede van die aanklag.

(b) Die vervolger moet ook sorg vir die bywoning van enige polisiemanne wat getuies in die saak is, en, indien nodig, van die offisier wat die verhoor lei, subpoena's kry om die bywoning van enige getuies wat nie polisiemanne is nie, te verkry.

(6) Die vorm van aanklagtelys en die vorm van die subpoena om die getuies te dagvaar moet wees soos voorgeskrewe.

(7) Diening van subpoena's word bewerkstellig op dieselfde wyse en binne dieselfde tydperk as benodig is vir die diening van subpoena's in 'n magistratshof.

(8) Die getuienis wat deur 'n getuie afgelê word, moet aan hom voorgelees en dan deur hom onderteken word.

(9) Op 'n pleit van "skuldig" moet voldoende getuienis opgeteken word om die offisier wat die verhoor lei, in staat te stel om die vonnis te bepaal en om die Kommissaris in staat te stel om alle feite en omstandighede wat aan die oortreding verbind is, te weet, tensy sodanige feite en omstandighede voldoende geopenbaar is deur enige verklaring wat die beskuldigde mag maak of inhandig. Enige sodanige verklaring moet onderteken word deur die offisier wat die verhoor lei, en moet aangeheg word aan en gedeelte vorm van die notule.

(10) (a) Na 'n pleit of bevinding van "skuldig", moet die vervolger 'n gesertifiseerde uittreksel voorlê van die beskuldigde se wangedraglys waarna in Regulasie No. 40 verwys is, bevattende alle vorige skuldigbevindinge wat daarop aangeteken is ander as dié wat ooreenkomstig daardie Regulasie uitgewis is, en hom oproep om sodanige vorige veroordelinge te erken of te ontken. Ingeval die beskuldigde nie enige sodanige skuldigbevindinge erken nie, kan die vervolger, as die offisier wat die verhoor lei so bepaal, getuienis oproep om hulle te bewys, en, indien nodig, moet die saak uitgestel word om hom in staat te stel om so te doen.

(b) Enige vorige skuldigbevinding wat deur die beskuldigde erken of teen hom bewys is, moet deur die offisier wat die verhoor lei, in oorweging geneem word, by die uitspraak van die vonnis vir die oortreding waaromtrent die beskuldigde skuldig gepleit het of waaraan hy skuldig bevind is.

(11) Getuies, as hulle polisiemanne is, is geregtig op onderhouds- en reistoelaes, soos voorsien in Regulasie No. 16, en, as hulle nie polisiemanne is nie, is hulle geregtig op getuiefooie en reisfasiliteite uit staatsfondse al na die tarief wat op getuies in kriminele sake in 'n magistratshof toepaslik is; met dié verstande dat die Kommissaris die betaling van enige fooi of toelae wat aan enige getuie vir die verdediging wie se getuienis volgens mening van die offisier wat die verhoor lei, nie nodig en wesenlik was nie, kan afkeur en dit op die beskuldigde kan verhaal.

(12) Die fooie en uitgawes van enige regsadviseur wat deur die beskuldigde aangestel is, moet deur die beskuldigde gedra word.

TRIAL BY AN OFFICER UNDER SECTION TEN OF THE PROCLAMATION.

39. (1) A trial under section 10 of the Proclamation shall, as nearly as may be, but subject to the provisions of these regulations, be conducted in manner and form as if the trial were held in a magistrate's court, and, with the exception of the second proviso to Section two hundred and thirty-one, sub-section (1) of Proclamation No. 30 of 1935, as amended, the law relating to evidence and to witnesses as applicable in connection with criminal proceedings in a magistrate's court, shall be observed in connection with such trial.

(2) The trial shall be held at any police station or police office or at such other place as the trial officer may consider most convenient having regard to the place of residence of the witnesses or any of them.

(3) Except with the consent of the Commissioner no person other than the trial officer, the prosecutor, the accused and his escort (if any), his legal adviser, and a witness while under examination, and an interpreter if one is required, shall be present during the trial.

(4) A policeman of equal or senior rank to the accused shall be detailed by the trial officer to act as prosecutor and if it should be necessary for him to give evidence for the prosecution other than of a merely formal nature, he shall, as far as practicable, give it before calling any other witnesses.

(5) (a) The prosecutor shall arrange for the attendance of the accused and that he be furnished with particulars of the charge a reasonable time before the hour fixed for the trial.

(b) The prosecutor shall also arrange for the attendance of any policemen who are witnesses in the case, and, if necessary, obtain from the trial officer subpoena's to secure the attendance of any witnesses who are not policemen.

(6) The form of charge sheet and the form of subpoena for summoning witnesses shall be as prescribed.

(7) Service of subpoena shall be effected in the same manner and within the same period as is required for the service of subpoena's in a magistrate's court.

(8) The evidence given by a witness shall be read over to him and then signed by him.

(9) On a plea of "guilty", sufficient evidence shall be recorded to enable the trial officer to determine the sentence and the Commissioner to know all the facts and circumstances connected with the offence, unless such facts and circumstances are sufficiently disclosed by any statement which the accused may make or hand in. Any such statement shall be signed by the trial officer and be attached to and form part of the record.

(10) (a) After a plea or finding of "guilty", the prosecutor shall produce a certified extract from the accused's misconduct sheet referred to in Regulation No. 40 of all previous convictions recorded thereon other than those that have been expunged in terms of that Regulation and call upon him to admit or deny such previous convictions. In the event of the accused not admitting any such convictions, the prosecutor may, if the trial officer so directs, call evidence to prove them, and, if necessary, the case shall be remanded in order to enable him to do so.

(b) Any previous convictions admitted by or proved against the accused shall be taken into consideration by the trial officer in awarding sentence for the offence to which the accused has pleaded or of which he has been found guilty.

(11) Witnesses, if policemen, shall be entitled to subsistence and travelling allowances as provided for in Regulation No. 16, and if not policemen, shall be entitled to witness fees and travelling facilities from public funds according to the tariff applicable to witnesses in criminal cases in a magistrate's court; provided that the Commissioner may disallow and recover from the accused the payment of any fee or allowance paid to any witness for the defence whose evidence, in the opinion of the trial officer, was not necessary and material.

(12) The fees and disbursements of any legal adviser engaged by the accused shall be borne by the accused.

(13) Die beskuldigde of sy regsadviseur kan, onder die toesig van enige polisieman wat deur die offisier wat die verhoor lei, daartoe gelas is, die notule van die verrigtinge van die verhoor insien of 'n afskrif daarvan maak, en is geregtig om van 'n afskrif daarvan voorsien te word na betaling van die fooie wat vorderbaar is, vir 'n afskrif van die notule van 'n summiere verhoor, in 'n magistratshof.

WANGEDRAGLYSTE.

40. (1) (a) 'n Aantekening van elke oortreding waarvan 'n polisieman wat nie 'n offisier is nie, skuldigbevind is, hetsy deur die gewone howe of kragtens artikel 10 van die Proklamasie, moet gemaak word op 'n dokument wat die wangedraglys genoem word.
- (b) Wanneer daar geen inskrywing in die wangedraglys vir 'n tydperk van tien jare vanaf die datum van die laaste wangedrag wat daarin opgeteken is, geskied is nie, moet alle vorige optekeninge daarop uitgewis word.
- (c) Wanneer daar geen inskrywing in 'n wangedraglys vir 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum van die laaste misdaad wat daarop opgeteken is, geskied is nie, moet enige vorige optekeninge van oortredinge gestraf deur 'n boete van hoogstens een pond, uitgewis word.
- (d) Wanneer daar geen inskrywing in 'n wangedraglys vir 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum van die laaste oortreding wat daarin opgeteken is, geskied is nie, moet enige vorige inskrywing van oortredinge deur 'n bestrafing of waarskuwing gestraf, uitgewis word.
- (2) Nieteenstaande hulle uitwissing, moet alle uitgewiste aantekeninge in aanmerking geneem word, as die kwessie van die toekenning van 'n Goeie Diens Medalje van die Polisie, voorsien in Regulasie No. 63, in aanmerking geneem word.

VERLAGING IN RANG OF ONTSLAG.

41. (1) Enige polisieman wat nie 'n offisier is nie en wat skuldigbevind word aan enige misdaad of oortreding of aan enige handeling in stryd met die Proklamasie of Regulasies, kan tot 'n laer rang of graad verlaag of ontslaan word, onafhanklik van enige ander straf.

(2) Enige polisieman van enige aanklag vrygespreek, is daardeur nie vrygestel van enige ondersoek kragtens Regulasie No. 44 om vas te stel of hy, ooreenkomstig artikel *agtien* van die Proklamasie, ongeskik is om in die Mag te bly of om sy rang te behou nie.

APPEL BY DIE ADMINISTRATEUR.

42. (1) Kennisgewing van enige appèl by die Administrateur kragtens artikel *agtien* van die Proklamasie teen 'n order van verlagings, afdanking of ontslag van 'n polisieman moet, tesame met 'n verklaring van die gronde van appèl, aan die Kommissaris nie meer as veertien dae, nadat sodanige polisieman van sodanige order in kennis gestel is, gegee word; en enige sodanige kennisgewing en gronde van appèl moet aan die Administrasie gestuur word met die notule van die saak en toepaslike dokumente. Die appèl by die Administrateur skort die werking van die order van die Kommissaris nie op nie.

(2) Die Administrateur moet oor die appèl na oorweging van die notule en toepaslike dokumente en van enige skriftelike argumente aan hom deur die appellant of sy regsadviseur gerig, besliss. Die Administrateur hoor geen *viva voce* argumente nie.

VOORGEWE WANGEDRAG VAN OFFISIER.

43. (1) Wanneer dit beweer word of wanneer daar suspisie bestaan dat 'n offisier enige voorsiening van die Proklamasie of Regulasies oortree het, moet die Kommissaris 'n voorlopige verhoor laat hou deur 'n offisier van gelyke of hoër rang as die offisier wie se gedrag in vraag gestel is (hierinlater in hierdie regulasie die verweerder genoem).

(2) Die verweerder moet in kennis gestel word van die datum en tyd bepaal vir die hou van die ondersoek en aan hom moet desverkiekende elke geleentheid gegee word om by die ondersoek teenwoordig te wees, of om die getuies teen hom in kruisverhoor te neem, of om enige verklaring af te lê wat hy mag wens om af te lê, en om enige getuies vir sy verdediging te roep.

(3) Die verklaring van elke getuie moet deur die offisier wat die ondersoek lei, opgeskryf word en aan die getuie voorgelees en deur hom onderteken word, met dié verstande dat, as ten gevolge van die onkoste en verlies van tyd of om enige ander rede die teenwoordigheid van enige getuie volgens mening van die offisier wat die ondersoek lei, nie gou verskaf kan word nie, 'n verklaring wat heet deur sodanige getuie geteken te wees, aangeneem en aan die verweerder voorgelees kan word.

(13) The accused or his legal adviser may, under the supervision of any policeman detailed by the trial officer inspect or make a copy of the record of the proceedings of the trial, and shall be entitled to be supplied with a copy thereof on payment of the fees chargeable for a copy of the record of a summary trial in a magistrate's court.

MISCONDUCT SHEETS.

40. (1) (a) An entry of every offence of which a policeman, other than an officer, is convicted, whether by the ordinary courts or under section 10 of the Proclamation, shall be made on a document to be styled a misconduct sheet.
- (b) When there has been no entry upon a misconduct sheet for a period of ten years from the date of the last offence entered thereon, all previous entries thereon shall be expunged.
- (c) When there has been no entry upon a misconduct sheet for a period of five years from the date of the last offence entered thereon, any previous entries of offences punished by a fine not exceeding one pound shall be expunged.
- (d) When there has been no entry upon a misconduct sheet for a period of two years from the date of the last offence entered thereon, any previous entries of offences punished by a reprimand or caution shall be expunged.

(2) Notwithstanding their expunction, all expunged entries shall be taken into account when the question of the award of a Police Good Service Medal, provided for in Regulation No. 63, is being considered.

REDUCTION IN RANK OR DISMISSAL.

41. (1) Any policeman, other than an officer, who is found guilty of any crime or offence, or of any contravention of the Proclamation or regulations, may be reduced to a lower rank or grade or be dismissed, independently of any other punishment.

(2) Any such policeman acquitted of any charge shall not thereby be exempt from an enquiry under regulation No. 44 to determine whether he is unfit in terms of Section *eighteen* of the Proclamation to remain in the Force or to retain his rank.

APPEAL TO THE ADMINISTRATOR.

42. (1) Notice of any appeal to the Administrator under section *eighteen* of the Proclamation against an order reducing, discharging or dismissing a policeman shall, together with a statement of the grounds of appeal be given to the Commissioner not more than fourteen days after such policeman has been informed of such order, and any such notice and grounds of appeal shall be forwarded to the Administrator with the record of the case and relevant documents. The appeal to the Administrator does not suspend the operation of the order of the Commissioner.

(2) The Administrator shall determine the appeal on consideration of the record and relevant documents and of any written arguments addressed to him by the appellant or his legal adviser. The Administrator will not hear *viva voce* arguments.

ALLEGED MISCONDUCT OF OFFICERS.

43. (1) When an officer is alleged or suspected to have contravened any provision of the Proclamation or regulations, the Commissioner shall cause a preliminary investigation to be made by an officer of equal, or senior rank to the officer whose conduct is in question (hereinafter in this regulation referred to as the defendant).

(2) The defendant shall be advised of the date and time fixed for the holding of the investigation and shall if he desires, be afforded every opportunity of being present at the investigation, or cross-examining of any witnesses against him, of making any statements he may wish to make, and of producing any witnesses in his defence.

(3) The statement of each witness shall be taken down in writing by the investigating officer and be read over to and signed by the witness, provided that if, owing to the expense or loss of time involved, or other good reason, the attendance of any witness cannot in the opinion of the investigating officer, be readily procured, a statement purporting to be signed by such witness may be accepted and read to the defendant.

(4) Die offisier wat die ondersoek lei, moet sodanige vrae aan enige getuie wat by die ondersoek verhoor word, stel as hy wenslik mag ag vir die doel om die waarheid of noukeurigheid van enigiets wat hy verklaar het, te toets en om andersins die waarheid uit te lok; maar die verweerder mag nie in verband met enige verklaring wat hy mag verkies om te maak, in kruisverhoor geneem word nie.

(5) Ingeval die verweerder verkies om 'n verklaring te maak, moet hy vooraf gewaarsku word dat enigiets wat hy mag sê as getuie gebruik kan word ingeval hy naderhand deur 'n raad van ondersoek kragtens artikel *elf* van die Proklamasie of andersins, verhoor word.

(6) Die verrigtinge moet as konfidensieel behandel word en, wanneer voltooi, moet dit met 'n begeleidende rapport aan die Kommissaris voorgelê word.

(7) As die Kommissaris van mening is dat daar 'n *prima facie* saak teen die verweerder tot stand gebring is, kan hy die beskuldigde laat aankla van enige oortreding teen die Proklamasie of die Regulasie wat deur die ondersoek geopenbaar is, en kan hy die verweerder oproep om die aanklag of te erken of te ontken.

(8) Na ontvangs van die verweerder se erkenning en ontkenning van die aanklag moet die Kommissaris 'n rapport aan die Administrateur voorlê wat, as die verweerder die klagte ontken het, en as hy van mening is dat daar voldoende rede vir verdere stappe is, 'n raad van ondersoek kragtens artikel *elf* van die Proklamasie moet aanstel om 'n ondersoek in te stel aangaande die waarheid van die aanklag of gelas dat die verweerder deur 'n geregshof verhoor word op 'n aanklag van enige oortreding wat by die voorlopige ondersoek geopenbaar is.

RAAD VAN ONDERSOEK INGESTEL KRAGTENS ARTIKEL *ELF* VAN DIE PROKLAMASIE.

44. (1) Een van die lede van 'n raad van ondersoek ooreenkomstig artikel *elf* van die Proklamasie aangestel, moet tot voorsitter benoem word wat oor alle vergaderinge van die raad moet presideer.

(2) Wanneer enige sodanige raad van ondersoek benoem is, moet die Kommissaris 'n offisier van gelyke of hoër rang as die beskuldigde gelas om as vervolger op te tree, en as dit vir hom nodig word om by die ondersoek wat deur die raad gehou word, ander getuies as dié van 'n bloot formele aard af te lê, moet hy dit vir sover doenlik aflê, voordat hy enige ander getuies oproep.

(3) Die ondersoek moet in enige polisie-stasie of polisie-kantoor of op sodanige ander plek gehou word as die Voorsitter mees gerieflik mag ag.

(4) Die voorsitter van die raad moet die vervolger as ook die ander lede van die raad in kennis stel van die plek waar en die datum en tyd wanneer die ondersoek gehou sal word, en moet aan die vervolger 'n afskrif van die aanstellingsbrief van die raad vir diening op die beskuldigde stuur.

(5) (a) Ten minste sewe volle dae voordat die ondersoek begin, moet die vervolger die voormelde afskrif op die beskuldigde dien en hom in kennis stel van die plek waar en die datum en tyd wanneer die ondersoek gehou sal word.

(b) Die vervolger moet sorg vir die bywoning van enige polisie-manne wat as getuies by die ondersoek, hetsy vir die vervolging of vir die verdediging benodig sal wees, en moet desnoods van die Voorsitter van die raad 'n subpoena kry om die bywoning van enige getuies wat nie polisie-manne is nie, te verseker.

(6) Die vorm van subpoena moet wees soos voorgeskrywe en diening van die subpoena moet op dieselfde wyse en binne dieselfde tydperk geskied as benodig is vir die diening van subpoenas in 'n magistratshof.

(7) By die ondersoek moet die beskuldigde in uniform verskyn.

(8) Behalwe met die toestemming van die Voorsitter mag niemand anders as die vervolger, die beskuldigde en sy regsadviseur en 'n getuie, terwyl hy onder verhoor is, en 'n tolk, as daar een nodig is, gedurende die verhoor teenwoordig wees nie.

(9) As al die beskikbare getuie gehoor is, moet die raad sy bevinding rapporteer en die notule van die verrigtinge met enige aanbeveling wat hy wenslik mag ag om te doen, aan die Kommissaris vir oorsending aan die Administrateur stuur.

(10) Die voorsieninge van sub-artikels (11) en (12) van Regulasie 39 het *mutatis mutandis* toepassing in verband met die verrigtinge kragtens hierdie regulasie.

(4) The investigating officer shall put such questions to any witness examined at the investigation as he may think desirable for the purpose of testing the truth or accuracy of anything he has stated, and otherwise for eliciting the truth; but the defendant may not be cross-examined on any statement he may elect to make.

(5) Should the defendant elect to make a statement he shall be warned beforehand that anything he may say may be used in evidence in the event of his being subsequently dealt with by a board of inquiry under section *eleven* of the Proclamation or otherwise.

(6) The proceedings shall be treated as confidential and, when completed, shall be submitted, with a covering report, to the Commissioner.

(7) If the Commissioner considers that a prima facie case against the defendant has been established, he may cause the accused to be charged with any offence against the Proclamation or the regulations, disclosed by the investigation, and call upon the defendant to admit or deny the charge.

(8) On receipt of the defendant's admission or denial of the charge, the Commissioner shall submit a report to the Administrator, who, if the defendant has denied the charge, and if he is of opinion that there is sufficient cause for further proceedings, will appoint, under section *eleven* of the Proclamation, a board of enquiry to enquire as to the truth of the charge, or direct that the defendant be tried by a court of law on a charge of any offence disclosed at the preliminary investigation.

BOARD OF INQUIRY CONSTITUTED UNDER SECTION *ELEVEN* OF THE PROCLAMATION.

44. (1) One of the members of a board of inquiry appointed in terms of Section *eleven* of the Proclamation shall be designated as President, who shall preside at all meetings of the Board.

(2) When any such board of inquiry has been appointed, the Commissioner shall detail an officer of equal or senior rank to the accused to act as prosecutor, and if it should be necessary for him to give evidence at the inquiry held by the board, other than evidence of a merely formal nature, he shall, as far as practicable, give it before calling any other witnesses.

(3) The inquiry shall be held at any police station or police office or at such other place as the President may consider most convenient.

(4) The President of the Board shall advise the prosecutor as well as the other members of the board of the place where, and the date and time when, the inquiry will be held, and shall forward to the prosecutor a copy of the minute appointing the board, for service on the accused.

(5) (a) The prosecutor shall, at least seven clear days before the inquiry opens, cause the said copy to be served on the accused and notify him of the place where, and the date and time when, the inquiry will be held.

(b) The prosecutor shall arrange for the attendance of any policemen who will be required as witnesses at the inquiry, whether for the prosecution or for the defence, and, if necessary, he shall obtain from the President of the board subpoenas to secure the attendance of any witnesses who are not policemen.

(6) The form of subpoena shall be as prescribed, and service of subpoenas shall be effected in the same manner and within the same period as is required for the service of subpoenas in a magistrate's court.

(7) At the inquiry the accused shall attend in uniform.

(8) Except with the consent of the President, no person other than the prosecutor, the accused and his legal adviser, and a witness whilst under examination, and an interpreter if one is required, shall be present during the inquiry.

(9) When all the available evidence has been heard the board shall record its finding, and forward the proceedings with any recommendation it may see fit to make, to the Commissioner for transmission to the Administrator.

(10) The provisions of sub-sections (11) and (12) of Regulation 39 shall *mutatis mutandis* apply in connection with proceedings under this regulation.

ADMINISTRATIEWE RADE VAN ONDERSOEK.

45. (1) Vir administratiewe doeleindes kan 'n Raad ooreenkomstig sub-artikel (2) hiervan byeengeroep word om die volgende onderwerpe te ondersoek of die volgende dade te verrig, en om 'n rapport van bevinding met of sonder 'n aanbeveling, soos deur die byeenroepende offisier gelas, voor te lê:—

- (a) die vraag of enige besonder polisieman wat nie 'n offisier is nie, ongeskik is om in die Mag te bly of om sy rang te behou, met die oog op sy geskiedenis, omgewing, maats, ongeskiktheid, onbekwaamheid, herhaalde afwesigheid van diens, gebrek aan belangstelling in sy werk, onvertroubaarheid, skulde, onsedelikheid, algemene gedrag of houding of enige ander feit of omstandigheid in verband daarmee;
- (b) Letsel of beskadiging of tekort of verlies van enige goed van die Administrasie of enige goed in die besit of onder die kontrole van die Administrasie of enige goed wat aan 'n polisieman behoort, wat beweer word in die uitvoering van plig voorgekom te hê;
- (c) Gedrag, versuim of onverskilligheid aan die kant van 'n polisieman wat enige onkoste aan die Administrasie berokken of bereken is om dit te berokken;
- (d) Die geskiktheid vir verdere diens van enige dier wat in die Mag gebruik word;
- (e) Die geskiktheid van voertuie van die Administrasie vir verdere diens;
- (f) Beseringe deur 'n polisieman opgedoen of siekte van 'n polisieman waaromtrent gesê word dat dit toe te skrywe is aan malaria of aan aansteeklike of besmetlike siekte;
- (g) Skatting van die waarde van diere, transport, voorrade, of materiaal van enige soort, en die koop daarvan ten behoeve van die Administrasie of vir gebruik in die Mag;
- (h) Enige ander onderwerp waaromtrent die Kommissaris dit nodig of wenslik mag ag om ondersoek in te stel.

(2) Enige sodanige raad mag deur die Kommissaris byeengeroep word, ten einde ondersoek in te stel in enige van die onderwerpe genoem in sub-artikel (1) hiervan, met dié verstande dat geen skraping van geboekte voorrade of ander beskikking oor die dinge wat onder (b), (c), (d), (e) en (g) val, plaas sal vind nie, totdat die relatiewe rade behoorlik deur die Sekretaris bekragtig is, en met dié verstande verder dat in enige geval waar die verlies van die Administrasie nie £5 (vyf pond) te bowe gaan nie, van die verrigtinge van die rade afgesien kan en die saak summier deur die Kommissaris gereël kan word.

(3) Enige raad moet bestaan uit 'n offisier as voorsitter wat alleen kan sit of met een of meer offisiere, soos die byeenroepende offisier mag beslis, met dié verstande dat 'n hoofkonstabel of 'n sersant as lid van 'n raad wat kragtens sub-artikel (1) (b), (c), (d), (e) of (f) hiervan byeengeroep is, aangestel mag word, en dat 'n goewerments-veearts aangestel mag word as lid van 'n raad byeengeroep kragtens sub-artikel (1) (d) en (g) hiervan.

(4) Enige sodanige raad het geen mag om te straf of om enige getuie wat nie 'n polisieman is nie, te dwing om teenwoordig te wees of 'n eed van enige getuie af te neem nie, nog mag enige polisieman of ander persoon wat in die ondersoek betrokke is, wettig verteenwoordig word nie.

(5) Die raad word gelei deur die skriftelike instruksies wat in die order wat die raad byeenroep, bevat is. Die instruksies moet duidelik genoeg wees om die raad in kennis te stel van die algemene aard van die benodigde informasie, en behoort ook te verklaar of 'n bevinding, rapport of aanbeveling nodig is al dan nie.

- (6) (a) 'n Order wat 'n raad kragtens sub-artikel (1) (a) hiervan byeenroep, moet sonder om in besonderhede in te gaan, die aard van die klage of bewering noem wat die kwessie van geskiktheid van die betrokke polisieman om in die Mag te bly of om sy rang te behou, opper, en 'n afskrif van die order moet 'n redelike tyd voordat die raad byeekom, op hom gedien word.
- (b) Aan die betrokke polisieman moet elke geleentheid gegee word om teenwoordig te wees, wanneer enige getuiens voor die raad verhoor word, om enige verklaring te maak wat hy mag wens om te maak, en om enige getuie te kruisvra wie se getuienis volgens sy mening ongunstig vir hom is, en om enige getuienis in sy verdediging voor te lê.

(7) Die voorsieninge van paragraaf (b) van die voorgaande sub-artikel hiervan het ook toepassing op die betrokke polisieman in enige ondersoek kragtens sub-artikel (1) (b) hiervan, wanneer die raad van mening is dat aan hom,

ADMINISTRATIVE BOARDS OF INQUIRY.

45. (1) For Administrative purposes a board may be convened in terms of sub-section (2) hereof, to inquire into the following subjects or to perform the following acts, and to submit a report or finding with or without a recommendation, as directed by the convening officer:—

- (a) the question whether any particular policeman, other than an officer, is unfit to remain in the Force, or to retain his rank, in view of his history, environment, associates, inefficiency, incompetence, frequent absence from duty, lack of interest in his work, unreliability, untrustworthiness, indebtedness, immorality, general conduct or behaviour, or some other fact or circumstance connected with him;
- (b) Injury, or damage to, or deficiency in, or loss of any property of the Administration, or any property in the possession or under the control of the Administration, or any property belonging to a policeman which is alleged to have occurred in the execution of duty;
- (c) Conduct, neglect or carelessness on the part of a policeman, involving or calculated to involve the Administration in any expense;
- (d) The fitness for further service of any animal used in the Force;
- (e) The fitness for further service of vehicles of the Administration;
- (f) Injuries sustained by a policeman, or illness of a policeman said to be due to malaria or to an infectious or contagious disease;
- (g) Assessment of the value of animals, transport, stores, or material of any description, and the purchase thereof on behalf of the Administration, or for use in the Force;
- (h) Any other subject which the Commissioner may consider it necessary or expedient to inquire into.

(2) Any such board may be convened by the Commissioner to enquire into any of the subjects mentioned in sub-section (1) hereof, provided that no striking-off charge or disposal otherwise of the matters falling under (b), (c), (d), (e) and (g) shall take place until the relative boards have been duly confirmed by the Secretary and provided further that in any case where the loss to the Administration does not exceed £5. (Five Pounds) board proceedings may be dispensed with and the matter disposed of summarily by the Commissioner.

(3) Any such board shall consist of an officer as President who may sit alone or with one or more other officers as the convening officer may decide, provided that a head constable or a sergeant may be appointed as a member of a board convened under sub-section (1) (b), (c), (d), (e) or (f) hereof, and that a government veterinary officer may be appointed as a member of a board convened under sub-section (1) (d) and (g) hereof.

(4) Any such board has no power of punishment, or to compel any witness not being a policeman to attend, or to administer an oath to any witness, nor may any policeman or other person concerned in the inquiry be legally represented.

(5) The board shall be guided by the written instructions contained in the order convening the board. The instructions shall be sufficiently explicit to inform the board of the general nature of the information required, and should also state whether a finding, report, or recommendation is required or not.

- (6) (a) An order convening a board under sub-section (1) (a) hereof, shall state without entering into details, the nature of the complaint or allegation which raises the question of the fitness of the policeman concerned to remain in the Force or to retain his rank, and a copy of the order shall be served on him a reasonable time before the board assembles.
- (b) The policeman concerned shall be afforded every opportunity of being present when any witnesses are being examined before the board, of making any statement he may wish to make, and of cross-examining any witness whose evidence in his opinion is unfavourable to him, and of producing any evidence in his defence.

(7) The provisions of paragraph (b) of the preceding sub-section hereof will also apply to the policeman concerned in any inquiry under sub-section (1) (b) hereof, or to the policeman concerned in any other inquiry, whenever the board

ter oorsake van die betrokke geskilpunte, dieselfde geleentheid behoort gegee te word om 'n billike, volle en onpartydige ondersoek te kry.

(8) Die verklaringe van enige getuies wat voor die raad ondersoek is, moet skriftelik opgeteken word, en die raad kan sodanige vrae aan enige sodanige getuies stel as hy wenslik ag vir die doel om die waarheid of juistheid van enige getuienis wat afgelê is, te toets, en om andersins die waarheid uit te lok.

(9) In die reël behoort alle getuies voor die raad verhoor te word, maar as dit ter oorsake van die onkoste of verlies van tyd wat berokken word, of om enige ander goeie en voldoende rede dit volgens mening van die raad onredelik sou wees om die bywoning van enige getuies te verlang, kan 'n beëdigde verklaring of verklaring onder dokumentêre bewyslewing aangeneem word.

(10) 'n Geneeskundige sertifikaat op sodanige vorm as voorgeskrywe mag word, moet vir die informasie van 'n raad wat kragtens sub-artikel (1) (f) hiervan byeengeroep is, voorgelê word.

(11) 'n Raad kan weer byeengeroep word so dikwels as die Kommissaris dit mag gelas, of wanneer die saak deur die Sekretaris na die raad terugverwys word vir die doel om addisionele getuies te verhoor of om enige getuies verder te verhoor, of om enige persoon op te roep en te verhoor wie se beëdigde verklaring of verklaring aangeneem is, of om addisionele informasie te notuleer. Die raad kan ook gelas word om enige sodanige verdere rapport of rapporte as benodig mag wees te maak, en desnoods enige aanbeveling weer in oorweging te neem.

RAAD VAN ONDERSOEK EN NAVORSINGE. UITGAWE VAN GETUIES.

46. Aan getuies wat opgeroep is om 'n ondersoek van die Raad by te woon kragtens regulasie No. 45 of 'n ondersoek kragtens regulasie No. 43, moet, as hulle polisiemanne is, onderhouds- en reistoelae betaal word, soos voorsien in regulasie No. 16, en as hulle nie polisiemanne is, is hulle geregtig op getuiegelde en reisfasiliteite uit publieke fondse al na die tarief wat op getuies in kriminele sake in 'n magistratshof toepaslik is; met dié verstande dat die Kommissaris die fooie wat deur enige getuie wie se getuienis volgens mening van die voorsitter van die raad of die offisier wat die ondersoek lei, nie nodig en wesenlik was nie, kan afkeur en op die polisieman wat vir die oproep van sodanige getuie verantwoordelik is, kan verhaal.

SKULD.

47. Enige polisieman wat verdink is dat hy in onredelike mate in die skuld is, met inagneming van sy salaris en ander omstandighede, of teen wie 'n vonnis weens skuld of 'n lasbrief tot gyseling uitgereik is, kan deur die Kommissaris opgeroep word om 'n breedvoerige verklaring van sy bate en laste voor te lê.

VERLIË, BESKADIGING, ENS. VERANTWOORDELIKHEID VAN POLISIEMANNE DAARVOOR.

48. (1) As dit blyk dat enige tekort, verlies, letsel of beskadiging ten opsigte van enige goed van die Administrasie of van enige goed waarvoor die Administrasie verantwoordelik is, plaasgevind het of dat enige onkoste aan die Administrasie berokken is deur 'n verkeerde handeling, nalatigheid of onverskilligheid en daar geen voldoende verklaring daarvan gegee word nie, kan die persoon wat daarvoor verantwoordelik is, gelas word om die waarde van die tekort, verlies, letsel of beskadiging of koste berokken, weer goed te maak,

(a) as die betrokke bedrag £5 of daaronder is, summier deur die Kommissaris of die bevelvoerende offisier,

of

